

Skrifgedeelte: Josua 6:1-19

Fokusgedeelte: Josua 6:19 (1953-vertaling)

'n Heilige mars om 'n heilige stad

Dit is nogal 'n vreemde opdrag om vir sewe dae om 'n stad te loop en op die sewende dag sewe keer. Daar moet sewe priesters met sewe ramshorings wees wat voor die ark uitgaan. Die stad Jerigo moet met die banvloek getref word en al die koper- en ystervoorwerpe moet aan die Here geheilig word.

Ons leer eintlik baie oor alles wat hier moet gebeur. Destyds was dit die gebruik dat 'n koning wat 'n stad oorwin het, rondom die stad loop asof hy dit aan homself toeëien. Hier is dit presies wat Israel moet doen. Sewe keer en op die sewende dag nog sewe maal. Die getal sewe is die volmaakte getal van die Here.

Ons moet oplet dat dit nie eintlik die volk is wat alleen om die stad Jerigo beweeg nie. Die ark beweeg saam met hulle. Die ark het die Here se teenwoordigheid by sy volk aangedui. Dit is die Here wat die stad vir Homself toeëien nog voor die stad oorwin is. Ja, die Here se Woord dra die enigste outoriteit. Hy het belowe Hy gee die stad aan die volk en dit sal Hy doen.

Selfs die woord banvloek het 'n interessante betekenis. Dit beteken ook afgesonder, of eenkant geplaas. Dit beteken ook om heeltemal vernietig te wees deur vuur. Vuur het 'n suiweringselement. Ons sien hier dus hoe die Here 'n hele stad vir Homself heilig net soos Hy dit ook sal doen met die koms van Christus.

Die koper- en ystervoorwerpe kon nie verbrand word nie en daarom is dit heilig aan die Here en mag nie deur die volk gebruik word nie. Dit sal alleen in die Here se diens wees.

Ons leer hier dat alles aan die Here behoort, die hele aarde en ook ons. In Christus word alles nuutgemaak en aan die Here geheilig.

Sing: Psalm 24-1:1

Ds. W Brotherton (Werner) (Vryheid)